

Vrydag 16 November

Skrifgedeelte: Sagaria 6:1-8

Fokusgedeelte: Sagaria 6:5, 8 (1953-vertaling)

## Die Here se oorwinning ken geen grense nie!

Raak jy ook soms so geweldig moedeloos? Daar is soveel terugslae, aanslae, beproe-winge. Dinge wil nie uitwerk soos wat jy gehoop het nie ... Jou geloof raak so dun. Het God my en die kerk dalk vergeet?

Die naam "Sagaria" beteken *Die Here onthou*. Met ander woorde: *Die Here vergeet nie sy beloftes aan sy uitverkorenes nie*. Sagaria was nog 'n jongman toe hy vanuit die ballingskap na Jerusalem teruggekeer het. Die kerklike lewe in Jerusalem wou nie vlot nie. Agt naggesigte is deur hom gesien om die kerkmense op te roep tot bekering en tot die heropbou van die tempel. God wend Hom weer tot die kerk. Sy beloftes of Woorde sál steeds waar word!

Naggestig 1 (1:7-17) en 8 (6:1-8) sluit bymekaar aan. Die eerste vertel van 'n perdekommando wat teleurgesteld terugkom met die bevinding dat die ganse aarde stil is, terwyl daar eintlik beroering onder die volke behoort te gewees het vóórdat die tyd van die Here aanbreek! Maar by die agtste naggesig word daar gepraat van strydwaens wat deur vier verskillend-gekleurde perdepare vanuit God se vesting (of berge) getrek word.

Nóú het God se tyd van beroering uiteindelik aangebreek. Na al vier windrigtings be-weeg die strydwaens om die Goddelike boodskap van gerig én heil, van oordeel én seën oor die hele wêreld te bring. God se Gees kom oral tereg! Ook by die goddelose. Wat maak elkeen met hierdie boodskap?

Die Here se oorwinning ken geen grense nie. Klipharte word vleisharte. Wanneer sý Gees iewers teregkom, sluit Hy al die uitverkorenes wêreldwyd se harte oop en versterk hulle met die geloof. Ook joune! Vergelyk die Dordtse Leerreëls 2:5 wat sê dat "élkeen wat glo, nie verlore sal gaan nie". Ook die Heidelbergse Kategismus 21:54 stel dit duidelik dat God uit die ganse menslike geslag sy uitverkorenes versamel. Ook die Nederlandse Geloofsbelydenis 24 sê dat "hierdie ware geloof deur die Woord en Gees gewerk word".

Jy, kerkmens, vestig jou hoop opnuut op God! Die Here onthou jou! Op sý tyd laat Hy jou deel in hierdie oorwinning.

*Sing: Psalm 68-1:1, 2*

*Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)*